education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## FEBRUARIE/MAART 2010

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Opstel | (50) |
| AFDELING B: Langer Transaksionele Teks | (30) |
| AFDELING C: Korter Teks – Transaksioneel/Naslaan/Informatief | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet beplan (byvoorbeeld met ŉ breinkaart, diagram, vloeidiagram, sleutelwoorde ensovoorts), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet voor elke skryfstuk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Jy behoort 80 minute aan AFDELING A te bestee, 40 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C.

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Voorsien elke skryfstuk van ŉ gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

1.1 Maanlignag… **[50]**

**OF**

1.2 Ouerbetrokkenheid by skolesport **[50]**

**OF**

1.3 DIT KAN NIE WEES NIE … **[50]**

**OF**

1.4 Suid-Afrika se grootste bate is ons natuur **[50]**

**OF**

1.5 *"Ek dink aan jou as die jakaranda kleur"*

[Pieter Smit uit die liedjie *Soms*] **[50]**

**OF**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele prikkels en ontwikkel jou eie tema.


1.6.1



[Uit: *Car*, November 2007] **[50]**

**OF**


1.6.2



[Uit: *Rooi Rose*, Januarie 2008] **[50]**

**OF**

1.6.3



[Uit: *Suid-Afrikaanse Jaarboek*, 2008/09]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 tot 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

2.1 **INFORMELE VERSLAG**

Jy het ondersoek ingestel na die toestande by jou plaaslike Dierebeskermingsvereniging. Stel 'n **INFORMELE VERSLAG** saam waarin jy jou bevindinge weergee.

**Groot kampe vir honde om met mekaar te speel en rond te hardloop**



**Vrieskas om bederfbare kos te berg**

**Elke hondehok het 'n warm kombers**

**[30]**

**OF**

2.2 **FORMELE BRIEF**

- ***Afrikaans word al minder op televisie gehoor.***
- ***Programme in Afrikaans is skaars.***

Skryf 'n **FORMELE BRIEF** aan die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie waarin jy jou besorgdheid hieroor uitspreek. Doen voorstelle aan die hand oor hoe hierdie saak reggestel kan word. **[30]**

**OF**

2.3 **RUBRIEK**

Skryf 'n **RUBRIEK** oor die volgende onderwerp:

*Hoe om 'n gesonde leefstyl te handhaaf.*

Wys op die voordele van 'n gesonde dieet en gereelde oefening. **[30]**

**OF**

2.4 **RESENSIE**

Skryf 'n **FLIEKRESENSIE** oor ENIGE lokettreffer.

District 9 Transformers 2 New Moon

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORTER TEKSTE: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN/INFORMATIEF

### VRAAG 3

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100 tot 120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.


3.1 **PLAKKAAT**

Skryf die bewoording van 'n **PLAKKAAT** wat in jou dorp/stad aangebring gaan word om mense te motiveer om betrokke te raak by die bekamping van misdaad.

**LET WEL**: Die gebruik van kleur en kreatiewe uiteensetting word nie geassesseer nie. **[20]**

**OF**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**



[Uit: *Rooi Rose*, September 2007]

Jy het onlangs die geleentheid gehad om die Matriekafskeid saam met die ou/meisie van jou drome by te woon. Skryf oor dié geleentheid in jou **DAGBOEK.**

**[20]**

**OF**

3.3 **VORMS**

Jy het onlangs by ŉ nuwe restaurant in jou omgewing gaan eet. Die eienaar vra jou om ŉ **EVALUERINGSVORM** oor die ervaring in te vul. Bied slegs die inhoud van dié vorm aan en hou die volgende in gedagte:

- Naam, adres, kontakbesonderhede.
- Ouderdom, geslag.
- Wat dink jy van die atmosfeer?
- Lewer kommentaar oor die prys van die geregte en die keuses op die spyskaart.
- Wat dink jy van die diens?
- Sal jy weer die restaurant besoek of sal jy die restaurant aanbeveel? **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou